Skrifgedeelte: Psalm 8

Teksverse: Psalm 8:4-6

Tema: In Christus besoek God jou, want jy is kosbaar vir Hom!

Johannes Calvyn het iets besonders oor die Psalms gesê. Hy het gesê dat daar nie `n emosie is, wat die mens kan beleef, wat nie op `n manier in die Psalms vir ons uitgebeeld word soos in `n spieël nie. Die Heilige Gees skets vir ons in die Psalms al die hartseer, bekommernisse, vrese, twyfel, hoop, besorgdhede, in kort, alle emosies wat ons gedagtes besig en gevange hou.

Só ook gebeur dit in Psalm 8. In hierdie Psalm kom die Here ons tegemoet en besoek Hy ons wanneer ons gekonfronteer word deur ons eie hulpeloosheid en kleinheid. Wanneer dit vir ons voel asof ons heeltemal onbelangrik is en niemand van ons weet nie, kom antwoord die Here ons in hierdie Psalm. As jy dus vandag hier sit en jy voel moedeloos, bekommerd en onbelangrik, kom besoek die Here jou met die boodskap dat jy vir Hom ontsettend kosbaar is.

Kom ons kyk hoe die Here ons antwoord deur eers te kyk wat ons in hierdie Psalm leer en dan wat dit vir ons vandag beteken.

Wat leer ons in hierdie gedeelte?

Die eerste waarheid wat ons leer is dat God aan die mens dink en na Hom omsien of besoek, soos die Ou Afrikaanse Vertaling hierdie woord vertaal. Dawid, as `n gebore Israeliet, het geweet dat daar sonde in hierdie wêreld gekom het en dat daar nou afstand tussen God en die mens is. Maar, as `n gebore Israeliet, het hy ook geweet dat die Here die mens kom besoek het. Die Here het dit met Israel gedoen deurdat Hy vir hulle die wet gegee het en vir Moses al die opdrag gegee het om die tabernakel te bou.

Daarom dat hy juis daarvan praat dat God aan die mens dink en hom besoek. Alhoewel sonde die verhouding tussen God en ons gebreek het, en hierdie sonde dikwels die rede is hoekom ons moedeloos, bekommerd en onbelangrik voel, maak God steeds bemoeienis met ons! Hy kom besoek ons nogsteeds!

Die wonderlikste voorbeeld van God wat aan ons dink, na ons omsien en ons besoek is Jesus Christus wat onder ons kom woon het. Dit is in Jesus Christus wat God vir ons Immanuel – God met ons – geword het. Dit is in Jesus Christus wat God ons nie net kom besoek het nie, maar wat Hy ons weer terug gebring het in `n verhouding met Hom. Dit is Jesus Christus self wat sê dat God die wêreld só lief gehad het dat Hy vir Jesus Christus gestuur het, sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê.

Die tweede waarheid, wat ons in hierdie gedeelte leer, is dat ons net `n bietjie minder as `n hemelse wese gemaak is. Die Hebreeuse woord wat hier vir hemelse wese gebruik word is *Elohim* – dieselfde woord wat vir God gebruik word. Daarom dat die Ou Afrikaanse Vertaling hier praat van `n goddelike wese. Ons kan dus na hierdie vers luister en dan leer ons dat ons as mense minder as God gemaak is.

Met hierdie woorde beskryf Dawid weer vir ons die regte verhouding waarin ons met God staan: al het Hy ons as die kroon van die skepping gemaak, is ons minder as Hy! Ons is afhanklik van Hom en Hy sorg vir ons. Hy het ons gemaak en Hy sorg vandag nog vir ons. Hy het aan ons lewe gegee en

ons na sy Beeld gemaak. Hy het sy asem in ons in geblaas en ons `n lewende siel gegee. Omdat Hy soveel groter as die mens is en Hy ons gemaak het, sal Hy vir ons sorg.

Maar ons is ook `n bietjie minder as die engele gemaak. Hebreërs 2 vertaal hierdie "bietjie minder" as `n "kort tydjie minder" en, my broers en susters, julle kan gerus Hebreërs 2 by die huis gaan lees om die volle rykdom van Psalm 8 te begryp – ons raak vandag maar net aan die boonste lagie van `n ontsettende diep Psalm!

Regdeur die Bybel hoor ons dat die engele gemaak is om ons as mense te dien. Ons hoor ook dat ons die kroon van die skepping is. Hoe kom dit nou dat ons dan minder as die engele is "vir `n kort tydjie"? Dit gebeur deurdat ons, weens die sonde, nie in God se volle teenwoordigheid kan wees nie, terwyl die engele wel kan wees. As ons byvoorbeeld Openbaring 5 en 7 lees, hoor ons dat die engele in die volle teenwoordigheid van God staan, besig om Hom te loof.

In hierdie sin van die woord is ons vir `n kort tydjie minder as die engele gemaak, want ons weet ook dat met die wederkoms van Christus en die dag wat ons hier op aarde sterf, is ons in die volle teenwoordigheid van God. Dan het die sonde nie meer `n hou-vas op my en jou nie en kan ons in die volle teenwoordheid van God staan. Dan is ons nie meer minder as die engele nie.

Die derde waarheid is dat ons met aansien en eer gekroon word. In werklikheid is hierdie "aansien" en "eer" `n samevatting van die vorige twee waarhede. Want hoe besonders is dit dat God na die mens omsien en hom besoek en dat ons net vir `n tydjie minder as die engele gemaak is? Ons is met aansien en met eer gekroon, want daar is geen ander skepsel in hierdie heelal wat na die beeld van God geskape is nie – selfs nie die engele nie!

Daar is geen ander skepsel in hierdie wêreld wat aangestel is om oor die skepping te heers nie en daar is geen ander skepsel in hierdie wêreld wat God as Here – as die God van die verbond en van verhouding – ken nie. En daar is geen ander skepsel aan wie al hierdie dinge gegee is, sodat God se Naam groot gemaak word nie.

Sien, hierdie hele Psalm praat oor die mens as die kroon van die skepping, MAAR die fokus is op die eer van die Here. Daarom dat hierdie Psalm begin en eindig met hierdie lofprysing van "Here, ons Here, hoe wonderbaar is u Naam oor die hele aarde". Die mens is met aansien en eer gekroon, die mens word deur God besoek en die mens is vir `n kort tydjie minder as die hemelse wesens gemaak vir een rede: sodat God geëer kan word.

Maar wat beteken dit vir ons vandag?

<u>Wat beteken dit vir ons vandag?</u>

Dit beteken vandag vir ons dat God by ons is – Hy besoek ons! Hy besoek ons en woon in ons deur die Heilige Gees. Hy staan ons by deur ons Hoëpriester Jesus Christus wat medelye met ons swakhede het. Hy woon in ons deur Jesus Christus en Hy maak ons een met Hom deurdat ons in Hom bly deur die geloof. God is altyd met ons en Hy is by ons. Soos ons in Psalm 33 gesing het: "Die HEER skou uit die hoë hemel en sien die mensekinders aan; Hy ken hul hart, oor hul gewemel laat Hy sy heilige oë gaan."

Vandag is ons ook getuies van hoe God iemand kom besoek het en na haar omsien. Toe klein Anke gedoop is, was dit `n besonderse geleentheid waar die Here vir Anke in die doop kom besoek het, waar Hy aan haar gedink het en na haar omsien. Wanneer die Here aan ons dink, is dit nie maar net `n gedagte wat by Hom opkom nie. Wanneer die Here aan ons – en aan Anke – dink, tree Hy in `n verhouding met ons en herstel Hy die gebroke verhouding wat daar tussen ons en Hom is.

Hierdie Psalm beteken vandag ook vir ons dat ek en jy kosbaar vir die Here is – ek en jy is belangriker vir Hom as die engele! Die Here het nie sy enigste Seun gegee om die engele te red nie, maar Hy het dit vir ons gedoen! Toe die Satan en `n derde van sy engele in opstand teen die Here gekom het en hulle is uit die hemel gegooi, was daar nie weer vir hulle versoening gegee nie. God het dit nie vir hulle moontlik gemaak om weer in die regte verhouding met Hom te staan nie. Tog het God dit vir ons gedoen!

Daarom moet ons versigtig wees vir al die stories wat in die flieks aan ons verkoop word dat ons engele word wanneer ons sterf. `n Mens bly en mens as ons die dag sterf, ons word nie engele nie. Trouens, deur dit te sê, maak die flieks ons minder kosbaar vir die Here as wat ons werklik vir Hom is! Die Ou Afrikaanse Vertaling van Hebreërs 2:16 sê dit só mooi: "Want waarlik, Hy bekommer Hom nie oor die engele nie, maar oor die geslag van Abraham bekommer Hy Hom." Jy is ontsettend kosbaar vir die Here – meer as die engele!

Hierdie Psalm beteken dat ek vandag tot die eer van God kan leef. Wanneer ek en jy werklik dink oor hierdie ontsettende genade en liefde van die Here, dat Hy ons kom besoek en na ons omsien ten spyte van ons sonde en dat ons vir Hom ontsettend kosbaar is, dan kan ons en wil ons tot eer van die Here leef!

Dan wil ons soos Dawid hier sê: "Here, ons Here, hoe wonderbaar is u Naam oor die hele aarde." Dan besef ons dat God ons in Christus besoek, dat Hy ons nuut maak en dat Hy dit alles doen, sodat sy Naam geëer kan word.

Lewe daarom tot eer van die Here, want in Christus besoek God jou, omdat jy ontsettend kosbaar vir Hom is.

Amen